


# Die Toestand van die Dood

*Soos almal weet, is 'n begrafnis 'n hartseer gebeurtenis, maar vir die gelowige is daar hoop!*



## Die Toestand van die Dood

Menige Bybelgelowiges misverstaan dié saak dikwels. Selfs predikante van baie denominasies skyn onbewus te wees van die waarheid wat in die Bybel staan.

As jy 'n Adventis is, mag jy dié traktaat handig vind om ander te help om die **Bybelwaarheid** oor die dood te ontdek.



**As 'n kerkganger my hele lewe lank, is ek ook geleer om te glo dat as ek 'n goeie mens was, ek hemel toe gaan wanneer ek sterwe, maar as ek sleg was, ek in die hel gaan brand.**

(Opmerking van 'n nie-Adventis.)




Die vraag rondom die Toestand van die Dood het 'n problematiese en sensitiewe gesprek geword, wat sal vererger na gelang die tyd aanstap.

Baie kerkpredikante en pastore gee 'n totaal onakkurate uiteensetting van die saak, veral tydens begrafnisse.

**Nog erger: Daar is selfs mense wat beweer dat hulle met die dooies kan praat! (Dis nie moontlik nie.)**

As ons Jesus kon vra: "Wat gebeur wanneer mens sterwe?", sal Hy dit kan verduidelik? En as Hy nie kan nie, wie moet ons dan vra?

**Maar Hy antwoord wel,** in Openbaring 1:17,18: "Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood."







**Kom ons gaan terug na die begin soos wat Genesis dit vir ons beskrywe:**

Genesis 2:7 sê: "En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."

Wat het dus by die skepping gebeur?

Dit was eers toe God die 'asem van die lewe' in die mens se neus ingeblaas het dat hy 'n lewende wese geword het. Eers toe het die liggaam 'n lewende siel geword. (Nie 'n siel **gekry** nie, maar **geword.**)




In die oorspronlike Hebreeuse teks in die Ou Testament word die woord 'nephesh' 745 keer gebruik; 473 keer word dit vertaal met 'siel' en 120 keer met 'lewe'.

Hierdie vertalings maak dit duidelik dat 'nephesh' nie 'n enkele keer beskryf word as iets wat die persoon van buite ontvang het of wat onafhanklik buite die liggaam kan lewe nie. Dit word gebruik om te sê wat die mens is:

**Die mens is 'n lewende wese.**

Die vraag bly: *Wat gebeur wanneer mens te sterwe kom?*

Levitikus 17:11 sê: "Want die siel van die vlees is in die bloed." *Nephesh* word hier gebruik vir 'siel'.

Prediker 12:7 gee vir ons die antwoord: "... en die stof [sal] na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het."

**Met ander woorde: presies die teenoorgestelde as wat by die skepping gebeur het.**



Die woord 'gees' wat hier gebruik word, is die woord 'ruach' in Hebreeus. Dit beteken 'asem' of 'wind'; **asem van die lewe**.

Met ander woorde: Die 'ruach' gaan terug na God toe en die liggaam gaan terug na die aarde toe.

In die Grieks is die woord wat gebruik word 'pneuma'. As Stefanus dus uitroep: "Here Jesus ontvang my gees," dan sê hy: "Ontvang my lewensasem."(Hand. 7:59)




As dit dan so is, wat gebeur met die gees of siel (asem) van die persoon na hy/sy sterwe?

Ons het so pas vasgestel dat die asem (siel) teruggaan na God toe: die liggaam gaan terug na die aarde. As die liggaam teruggaan na die aarde en die asem gaan terug na God toe, waar is die dooies dan?

Miskien het jy nodig om 'n oomblik in my kantoor te kom sit en gesels. Ek vermoed dat hierdie traktaat 'n ander mening huldig as wat jy tot hiertoe aangehang of geglo het.







**Die saak is eintlik klinkklaar as jy die volgende paragraaf saam met die Bybelverwysings lees.**

**Nou waar is die dooies dan?**

Laat Jesus ons vertel. Hy verseker ons dat almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor.

**"Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor."**
(Johannes 5:28)




Die Bybel verklaar in Prediker 9:5: "Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet."

Die Bybel verklaar voorts: "Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie. Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan."

(Psalm 146: 3-4)







Met ander woorde: wanneer jy sterwe, is daar geen liefde, werk, kennis of wysheid meer nie. Nie meer ryk of arm nie. Dit is die toestand van die dood, vir ryk en arm.










**Kyk na Matt. 9:24:**
"Hy sê vir hulle: Gaan weg, want die dogtertjie is nie dood nie, maar sy slaap. En hulle het Hom uitgelag."

**Kyk ook na Joh 11:11:**
"Dit het Hy gespreek; en daarna sê Hy vir hulle: Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak."



Lasarus se graf in Jerusalem

Hoekom het Jesus die woord 'slaap' gebruik om na die dood te verwys? Waarskynlik omdat dit die beste woord is om die dood te beskrywe. Die dood is totale rus.

✦ **In die oerteks word die dood beskryf as "'n staat van bewusteloosheid."**




Jesus sê:
"Lasarus, kom uit!"

Hoekom het Jesus hom op die naam geroep? As Jesus net gesê het: "Kom uit!", dan het al die grafte oopgegaan, want dit was die **Lewegewer** wat voor daardie graf gestaan het.

Wat het Lasarus te sê gehad van die hemel? Hy was mos nou vier dae daar, soos wat baie predikers sou beweer. Wat het hy oor dié vier dae te sê gehad?



NIKS. Want hy was nie daar nie. Hy was besig om te 'slaap' in die graf. Dink daaroor. Die oomblik wanneer jy jou oë weer oopmaak, is jou Verlosser in die wolke. Dit is eintlik 'n troos-woord wat die satan in 'n vrees-boodskap verander het.

**DIE BYBELSE WAARHEID KAN NIE VERANDER NIE**







Lukas 23:42 lui: "En hy sê vir Jesus: 'Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom.' En Jesus antwoord hom: 'Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.'"

**Kon Jesus vir die dief aan die kruis gesê het dat hy daardie dag nog saam met Hom in die hemel sou wees as Hy Self Sondagoggend nog nie in die hemel was nie?**

Die ou Grieke het nie kommas, punte of paragrawe gebruik nie. Die vertalers het dit later na goeddunke ingevoeg. Hier het hulle gewoon die komma op die verkeerde plek geplaas. Plaas die komma op die regte plek en die probleem is opgelos:

Luk. 23:43: "En Jesus antwoord hom: 'Voorwaar Ek sê vir jou **vandag,** jy sal saam met My in die Paradys wees.'"




**Maar daardie lewe kom by die opstanding van die liggaam, op die roepstem van Jesus.**

Die gelowige sal voel asof hy/sy net 'n goeie nagrus gehad het en die volgende oomblik sal jy sy (God se) stem hoor.

Job 14:12: "So lê die mens daar sonder om weer op te staan; totdat die hemele nie meer is nie, word hulle nie wakker of uit hul slaap opgewek nie."




**Die hele Bybel is vol van hierdie waarheid.**

Daniël het dit geweet: "En baie van dié wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik." (Daniël 12:2)

Die Nuwe Testament (Handelinge 2:29) stem met Daniël en Job saam: **Dawid is nog nie in die hemel nie - hy is nog steeds in sy graf hier op aarde in die Ou Jerusalem.**




**1 Thessalonicense 4:16: "Want die Here self sal van die hemel af neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en dié wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan."**




**Jesus sê vir haar: "Jou broer sal opstaan."**

**Martha antwoord Hom: "Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag."**

**Jesus sê vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe."**

**Johannes 11:23-25**

**Wêreldwye Selfoon-evangelisasie, Bybelstudie en Preke**

*Kontakbesonderhede:*
**Neville Nevelling**
*Neville WhatsApp:* +264811285323
*e-pos:* neville@awr.org

*Webblad vir Afrikaanse Nutsitems:*
teksopteks.co.za




BLADJIE © GEORGE ROSS